

Vuk'uzenzele


Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

September 2021 Edition 1



Help
prevent
suicide

Page 5



Ofentse Rabaji
is a waste
whizz

Page 11

How to apply for the R350 grant



More Matshediso

If you do not have an income and are between the ages of 18 and 60, you can apply for the Special Coronavirus Disease (COVID-19) Social Relief of Distress (SRD) Grant.

Government has reintroduced the SRD Grant of R350 per month to help qualifying applicants who have no financial support, to survive the continued hardships brought about by the COVID-19 pandemic.

The initial SRD Grant, which was discontinued on 30 April, had a positive impact on successful applicants' lives, says Social Development Minister Lindiwe Zulu.

Cont. page 2

GOVERNMENT REINTRODUCES THE SRD GRANT to assist citizens who are struggling financially during the COVID-19 pandemic.



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

FREE COPY NOT FOR SALE



Om 'n samelewing vry van staatskaping te bou

Die geskeduleerde verhore van die regterlike kommissie van ondersoek na staatskaping het onlangs ten einde geloop, meer as 1 000 dae nadat die eerste getuenis aangehoor is.

Alhoewel die kommissie se voorsitter, adjunk-hoofregter, Raymond Zondo, gesê het dat dit nodig mag wees dat daar nog 'n paar persone se getuenis aangehoor word, is die kommissie se werk nou een tree nader aan voltooiing.

Dit is 'n belangrike mylpaal wat ons nog nader bring aan afrekening met een van die mees vernietigende episodes in die geskiedenis van ons demokrasie.

Selfs nog voordat regter Zondo sy bevindings en aanbevelings aan die president voorlê, sal ons almal saamstem dat die kommissie se werk van onskatbare waarde was.

Oor die verloop van drie jaar het ons gedetailleerde getuenis aangehoor van beweerde dade van korupsie op 'n massiewe skaal. Ons het gehoor van aksies wat geleid het tot die diefstal van miljarderande se staatsgeld. Ons het gehoor hoeveel instansies en staatsbeheerde maatskappe opsetlik verswak is.

Hierdie blootlegging van die aard, omvang en diepte van staatskaping het nie agter geslotte deure plaasgevind

nie, maar is oor die hele land uitgesaai. Deur toe te laat dat Suid-Afrikaners die kommissie se verrigtinge volg, het dit gehelp om openbare vertroue in ons demokrasie by die publiek in te boesem deur die wyse waarop dit openheid en deursigtigheid bevorder.

Die land is groot dank verskuldig aan almal wat betrokke was by die werk van die kommissie — vanaf diegene wat 'n massieve hoeveelheid inligting moes ondersoek, navors en saamstel, die talle getuies wat getuig en bewyse voorgelê het, die joernaliste wat ywerig verslaggedoen het oor die verrigtinge tot die prokureurs wat getuenis help aanbied het.

Ons is ook dank verskuldig aan die talle individue, waarvan sommige onbekend is, wie se optrede in die eerste plek tot die totstandkoming van die kommissie geleid het. Dit is diegene wat hierdie kriminele dade aan die lig gebring het, wat weerstand gebied het, wat uitgepraat het en veldtogte begin het — sowel in die openbaar as agter die skerms — om staatskaping tot 'n einde te bring. Dit is danksy hulle dat ons nou van staatskaping in die verlede tyd kan praat.

Staatskaping het nie vanself tot 'n einde gekom nie. Dit is tot 'n einde gebring deur die gesamentlike dade van Suid-Afrikaners uit alle vlakke

van die samelewing wat op verskeie terreine saamgewerk het om die waardes van ons grondwetlike demokrasie te herstel en die onus rus op ons almal om te verseker dat hierdie praktiese nooit weer herhaal sal word nie.

Ons het oor die afgelope drie jaar verskeie belangrike stappe geneem om korupsie en staatskaping aan te pak. Ons het liggome soos die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Suid-Afrikaanse Inkomstdiens (SAID) en ander met noukeurigheid begin heropbou. Ons het nuwe strukture opgerig, soos die Ondersoekdirektoraat van die NVG om hoëvlakk korupsie te vervol en die SOE se Spesiale Beslissingsraad om gesteelde staatsfondse terug te win. Ons het ons misdaadbstrydingskapasiteit verbeter deur die totstandkoming van die Verbindingsentrum wat verskeie wetstoepassingsagentskappe bymekaar bring om inligting te deel en die ondersoek en vervolging van misdaad te koördineer.

Ons het die leierskap van verskeie strategiese staatsbeheerde ondernemings verander en het die proses begin om hulle finansiële en operasionele gesondheid te herstel. Ons kyk na 'n nuwe SBO-model wat groter deursigtigheid, verantwoord-

baarheid en volhoubaarheid bevorder.

Baie van hierdie werk is van voortgaande aard. Daar is gebiede waar die vordering baie stadiger is as wat ons wou hê, en hierdie areas geniet nou groter aandag.

Die bevindinge en aanbevelings van die kommissie sal hierdie pogings ongetwyfeld versterk. Ons verwag dat die kommissie sommige van die sistemiese swakplekke wat staatskaping moontlik gemaak het, sal identifiseer. Dit sal ons in staat stel om verdere korrekttiewe maatreëls te implementeer.

Alhoewel ons kan sê dat die era van staatskaping verby is, het ons nog nie korupsie oorwin nie. Bedrog en korupsie bly diep ingebied in sowel die openbare as die privaat sektor.

Alhoewel dit nie op die skaal van staatskaping lê nie, kom sulke kriminele aktiwiteite ons land duur te staan, verswak ons instellings en ontneem dit Suid-Afrikaners van baie basiese behoeftes.

Korupsie is ten beste immoreel, maar dit sny nog dieper ten tyde van 'n humanitaire krisis. 'n Mens praat hier van die afskuwelike dade van korupsie, verlede jaar, in die verkryging van goedere en dienste wat nodig was in ons stryd teen die Kovid-19-pandemie.

Ons het vinnig opgetree om

sodanige korupsie te staak, om diegene wat verantwoordelik is te identifiseer en teen hulle op te tree. Dit is 'n bewys van ons toewyding om korupsie uit te roei.

Ons het die Tesourieregulasies verskerp, die verbindingsentrum gestig en die Spesiale Ondersoekeenheid (SOE) 'n breë mandaat gegee om alle Kovid-19-verwante korupsiebewerings te ondersoek. In wat as 'n eerste vir die land beskou word, het ons al die besonderhede van alle Kovid-19-verkrygingskontrakte van alle staatsentiteite aanlyn gepubliseer.

Die skade wat aan ons land aangerig is deur staatskaping, is diepliggend. Die nagevolge sal nog vir baie jare gevoel word, maar deur saam te werk, het ons begin om dinge reg te stel. Ons het begin om te herbou en te herstel.

Ons kan verwag dat die uitkomste van die Zondo-kommissie hierdie pogings oneindig sal versterk. Hierdie uitkomste sal aan ons die geleentheid bied om 'n besliste en blywende breuk met die staatskapingsera te maak.

Daar is nog baie werk wat voorlê, en baie uitdagings moet nog die hoof gebied word, maar ons is op pad om 'n samelewing te bou wat vry is van die ewels van staatskaping en korupsie. **1**

Help om selfmoord te voorkom

Allison Cooper

Meer mense sterf as gevolg van selfmoord as van MIV, malaria, borskanker, oorlog en moord.

Dit is volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se jongste statistieke wat aantoon dat meer as 700 000 mense jaarliks weens selfmoord sterf — dit is een uit elke 100 sterftes en ongeveer een persoon elke 40 sekondes.

"Ons kan nie — en moenie — selfmoord ignoreer nie," sê dr. Tedros Adhanom Ghebreyesus, direkteur-generaal van die WGO.

"Elke selfmoord is 'n tragedie. Dit is nou nog belangriker om ons aandag op selfmoordvoorkoming te vestig ná baie maande waarin ons met die koronaviruspandemie moet saamleef, met baie van die risikofaktore vir selfmoord — werksverlies, finansiële stres

en sosiale isolasie — wat nog steeds deel van ons lewens uitmaak," sê hy.

Wêreldselfmoordvoorkomingsdag

Wêreldselfmoordvoorkomingsdag is op 10 September 2003 by die Internasionale Vereniging vir Selfmoordvoorkoming (IASP) bekendgestel.

Hulle doel is om selfmoord en selfmoordneigings te voorkom, die gevolge te verlig en

'n forum vir akademici, gesentesgesondheidsdeskundiges, krisiswerkers, vrywilligers en selfmoordoorlewendes te bied.

Volgens die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep (SADAG) word daar daagliks 23 selfmoordgevalle en 230 ernstige selfmoordpogings in Suid-Afrika aangeteken.

"Selfmoord is nog steeds 'n verbode onderwerp in ons samelewing — niemand wil daaroor praat nie; niemand weet hoe om daaroor te praat



nie en ouers wil nie met hulle kinders daaroor praat nie in geval dit 'idees' in hulle koppe plant. Dit is egter werklik 'n kwessie en is duidelik te sien aan die toename in die aantal daagliks oproepe wat ons kry," sê Cassey Chambers, SADAG se uitvoerende direkteur.

"As meer mense bewus is van selfmoord en weet hoe om hulp vir iemand te kry voordat dit te laat is, kan ons help om die selfmoordsyfer af te bring," sê sy.

Moontlike waarskuwingstekens vir selfmoord sluit in:

- Praat oor beëindiging van hulle lewe, om te sterf of selfmoord.
- Sterk begeerte om te sterf of 'n preokkupasie met dood en sterfte.
- Gee kosbare besittings weg.
- Tekens van depressie soos buierigheid, hooploosheid, ontrekking, swak eetlus en om slegs te slaap en belang in alledaagse aktiwiteite te verloor.

- Toename in alkohol- of middelgebruik.
- Sinspeel dat hy/sy nie in die toekoms daar sal wees nie of neem afskeid.
- Drastiese gedragsverandering.
- Tref reëlings dat iemand omsien na onafgehandelde sake.

Indien jy of iemand wat jy ken, hulp nodig het, kontak SADAG se 24-uurkrisislyn by 0800 567 567.

Anyone 35 years and older can register for their FREE COVID-19 vaccination

Registering to get vaccinated is easy!



Send the word **REGISTER** to
060 012 3456 on WhatsApp
Internet access or data required

OR



Dial *134*832*IDNumber#
No ID Number? Just dial *134*832#
FREE on all South African Mobile Networks

OR



Search EVDS South Africa online or go to: <https://vaccine.enroll.health.gov.za>
Any device with Internet Access

OR



Register by calling 0800 029 999
Monday - Friday: 7am to 8pm
Saturday, Sunday and public holidays: 8am to 6pm
Toll free on all South African Mobile Networks

You will need the following information when registering:

- Your identification number (Passport, Asylum seeker number, RSA ID or refugee number)
- The location where you want to be vaccinated (home or work)
- If you are a member of a medical aid you will need your medical aid provider name and your medical aid number

You will receive an SMS with the details of your vaccination date and site after registering

Don't delay. Register today!